UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 1918·2018

saam vorentoe · masiye phambili · forward together

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS BENOEMINGS VORM VOORSORGFONDS – DOODSVOORDELE

Hierdie vorm sal gebruik word om Fonds trustees te help om die voordele wat by u dood betaalbaar is op ‘n billike wyse tussen u afhanklikes te verdeel. Vir meer besonderhede oor die onderstaande opsies, sien asb. die keersy.

Besonderhede van Lid

Lid se volle name en van _____

Departement / Afdeling _____ UT nommer _____

Geboortedatum _____ Rang _____

Begunstigdes

Hierdie opsie bied die geleentheid om die persoon/ne van u keuse te benoem in die verhouding wat u verlang. Ek wys hiermee die volgende begunstigde(s) aan om die aftreevoordele te ontvang wat by my dood betaalbaar is.

1. Volle naam: _____ Verwantskap: _____

   Gedeelte van Voordeel _____% Identiteitsnommer: _____

   Geboortedeatum: _____ Adres: _____

2. Volle naam: _____ Verwantskap: _____

   Gedeelte van Voordeel _____% Identiteitsnommer: _____

   Geboortedeatum: _____ Adres: _____

3. Volle naam: _____ Verwantskap: _____

   Gedeelte van Voordeel _____% Identiteitsnommer: _____

   Geboortedeatum: _____ Adres: _____

4. Volle naam: _____ Verwantskap: _____

   Gedeelte van Voordeel _____ % Identiteitsnommer: _____

   Geboortedeatum: _____ Adres: _____

5. Volle naam: _____ Verwantskap: _____

   Gedeelte van Voordeel _____ % Identiteitsnommer: _____

   Geboortedeatum: _____ Adres: _____

6. Volle naam: _____ Verwantskap: _____

   Gedeelte van Voordeel _____ % Identiteitsnommer: _____

   Geboortedeatum: _____ Adres: _____

   TOTAAL VAN VOORDEEL GEDEELTES = 100%

Indien enigeen van die bogenoemde begunstigdes voor my te sterwe kom, bepaal ek dat sodanige begunstigde(s) se aandeel van die gemelde voordele tussen die ander begunstigdes verdeel moet word.

Handtekening van lid: _____ Getuies 1. _____

Datum: _____ 2. _____

Onthou: Omstandighede binne u gesin mag verander en dit sal wenslik wees om u nominasie van begunstigdes van tyd tot tyd te hersien.

Nota/Aanvullende inligting:

_____

Waarom die benoeming van begunstigdes noodsaaklik is

Die opgehoopte krediet wat onder USAF vir ’n lid akkumuleer, vorm nie deel van die lid se boedel by afsterwe nie en kan dus nie ingevolge 'n testament vererf nie.

Die enigste manier waarop 'n lid kan aandui hoe hierdie geld by sy dood verdeel behoort te word, is deur middel van ’n begunstigde nominasie ten opsigte van elke fonds. Die verdeling bly egter onderworpe aan die diskresie van die trustees van elke fonds.

Volgens artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse van 1956 is dit die trustees se plig om seker te maak dat aftreevoordele by dood aan 'n lid se afhanklikes betaal word in die verhouding wat hulle billik ag.

Persone wat as "afhanklikes" kwalifiseer, word soos volg omskryf:

(a) Iemand ten opsigte van wie die lid regtens vir onderhoud aanspreeklik is. Afhanklikes onder hierdie indeling sluit in 'n gade en kinders wat van die lid afhanklik is t.o.v. kos, huisvesting, mediese sorg en opvoeding. 'n Ouer, kleinkind of grootouer kan ook as 'n afhanklike in aanmerking kom, maar sulke gevalle kom selde voor.

(b) Iemand ten opsigte van wie die lid nie regtens vir onderhoud aanspreeklik is nie, indien so iemand:
   1) na die oordeel van die trustees inderdaad vir onderhoud van die lid afhanklik was;
   2) die gade van die lid is, met inbegrip van 'n party tot 'n gewoontehuwelik volgens swart reg en gewoonte of tot 'n verbintenis wat volgens die leerstellings van 'n asiatiese godsdiens as 'n huwelik erken word;
   die kind van ’n lid is, met inbegrip van ’n postume kind, aangenome kind en buite-egtelike kind.

(c) Iemand ten opsigte van wie die lid regtens vir onderhoud aanspreeklik sou word indien die lid nie gesterf het nie, byvoorbeeld, 'n kind wat ten tyde van die lid se dood nog nie gebore was nie.

Benoeming van nie-afhanklikes

U word daaraan herinner dat u iemand as 'n begunstigde kan benoem wat nie as u afhanklike kwalifiseer nie. So 'n persoon kan, ondanks die bestaan van ander afhanklikes, deel hê in die opgehoopte krediet wat by u dood betaalbaar is.

Sterfte sonder dat 'n begunstigde benoem is

(1) Die Trustees sal u opgehoopte krediet aan u afhanklikes betaal soos hulle dit billik ag. In die meeste gevalle sal 'n lid se gade en die kinders bevoordeel word.

(2) As die Trustees nie binne twaalf maande bewus word van, of afhanklikes kan opspoor nie, sal die opgehoopte krediet in u boedel gestort word.

'n Begunstigde wat 'n afhanklike is

U nominasie, as die persoon wat die behoeftes van u gesin en afhanklikes die beste ken, word hoog aangeslaan as 'n riglyn vir trustees wanneer daar besluit moet Word hoe u opgehoopte krediet verdeel sal word. Onthou egter dat omstandighede na u dood kan verander en dat die trustees in u afhanklikes se belang die opgehoopte krediet anders kan verdeel. U word sterk aangeraai om van die standaard opsies wat in die vorm voorsien word, gebruik te maak en om die versoeking te weerstaan om onnodiglik kreatief te wees.

'n Begunstigde wat nie 'n afhanklike is nie

(1) So 'n persoon, tesame met enige afhanklikes wat u moontlik mag hê, sal in verhoudings wat die trustees billik mag ag deel hê in die opgehoopte krediet.

(2) As u nie deur enige afhanklikes oorleef word nie, sal die Trustees die opgehoopte krediet, of die gedeelte daarvan wat u aangedui het, 12 maande na u dood aan die genomineerde betaal, maar slegs in die mate wat die voordele die uitstaande skulde teen u boedel oorskry, indien dit insolvent is.